basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## GESKIEDENIS V2

## 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 2: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) IN DIE 1980's OP PW BOTHA SE 'HERVORMINGS' GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Vrewys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, is die MDM in 1988 gestig? (1 x 1) (1)

1.1.2 Identifiseer DRIE organisasies in die bron wat deel van die MDM was. (3 x 1) (3)

1.1.3 Verduidelik waarom die MDM as 'n ongestruktureerde front in die stryd teen apartheid opgetree het. (1 x 2) (2)

1.1.4 Definieer die term *uittartingsveldtog* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.5 Waarom het die MDM besluit om 'n werker-wegblyery teen die driekamerverkiesings wat op 6 September 1989 sou plaasvind, te organiseer? (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Gee TWEE redes waarom die burgerlike ongehoorsaamheidsveldtog en uittarting van beperkings deur Suid-Afrikaanse swartes, wat al byna 'n maand aan die gang was, begin het om teen Augustus 1989 momentum te verloor. (2 x 1) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom MDM-leiers van die ongehoorsaamheidsveldtog besluit het om 'n week voor die verkiesings vir die Parlement in September 1989 hulle weerstand te verskerp. (2 x 2) (4)

1.2.3 Lewer kommentaar op die implikasie van die optog deur Mary Burton en Dorothy Boesak vir Britse ingryping in Suid-Afrikaanse sake. (1 x 2) (2)

1.2.4 Gee TWEE protesaksies, in die bron genoem, wat as gevolg van arrestasies of ander beperkings op MDM-aktiviste nie kon plaasvind nie. (2 x 1) (2)

1.3 Bestudeer Bron 1C.

1.3.1 Identifiseer enige TWEE redes in die bron wat die beste beskryf waarom die vredesoptog as 'n sukses beskou kan word. (2 x 1) (2)

1.3.2 Wat, dink jy, het die apartheidsregering van daardie tyd beïnvloed om nie geweld te gebruik om die vredesoptog op te breek nie? (2 x 2) (4)

1.3.3 Verduidelik die term *noodregulasies* in die konteks van die apartheidsregering se poging om anti-apartheidsbetogings te beheer. (1 x 2) (2)

1.3.4 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat die optoggangers sommige aksies van die Amerikaanse Burgerregtebeweging nagemaak (gekopieer) het. (1 x 2) (2)

1.4 Gebruik Bron 1D.

1.4.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto op 13 September 1989 geneem? (2 x 2) (4)

1.4.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die vredesoptog op 13 September 1989 bestudeer. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1C ondersteun ten opsigte van die gebeure wat gedurende die vredesoptog wat deur die MDM op 13 September 1989 georganiseer is, ontvou het. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die MDM op PW Botha se 'hervormings' in die 1980's gereageer het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE BEREIKING VAN HULLE DOELWITTE MET AARTSBISKOP DESMOND TUTU AS DIE VOORSITTER?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die WVK toe dit in 1996 gestig is? (1 x 2) (2)

2.1.2 Identifiseer DRIE areas wat die Kommissie aangeteken het waar verskriklike gruweldade (afskuwelike moorde) teen politieke aktiviste gepleeg is. (3 x 1) (3)

2.1.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling, 'dat die besluit om apartheid te beëindig en om die mag aan die ANC oor te gee, op die afweer (voorkoming) van massarewolusie deur Suid-Afrika se werkers en jongmense gemik was'. (1 x 2) (2)

2.1.4 Verduidelik waarom jy dink die WVK 'n belangrike bydraende rol in die vermyding van 'n bloedbad in Suid-Afrika gespeel het. (2 x 2) (4)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Watter boodskappe word deur hierdie spotprent oorgedra oor die bewyse in die finale WVK-verslag? (2 x 2) (4)

2.2.2 Verduidelik die implikasie van die frase, 'ONS OOK', deur die veiligheidsmagte oor hulle bydrae tot die WVK-verslag. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Wat, volgens die bron, het die mislukking van verskeie verhore in die tydperk voor 1998 vir sommige voormalige veiligheidsmagte beteken? (1 x 2) (2)

2.3.2 Definieer die konsep *oortreders* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.3.3 Verduidelik waarom die WVK nie geblameer kan word vir die versuim van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging (NDOV) om te vervolg nie. (2 x 2) (4)

2.3.4 Identifiseer DRIE redes in die bron waarom die NDOV se vordering om op die WVK se aanbeveling te reageer, so stadig is. (3 x 1) (3)

2.3.5 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir n navorser wat die sukses van die WVK bestudeer. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C met betrekking tot die swakhede van die WVK-verslag ondersteun. (2 x 2) (4)

2.5 Bestudeer Bron 2D.

2.5.1 Hoe, volgens die bron, het die sosiale media Aartsbiskop Tutu met die nuus van sy heengaan (dood) beskryf? (1 x 2) (2)

2.5.2 Verduidelik wat met Mbeki se stelling, 'daar kon tekortkominge in die ontwerp van die proses gewees het', geïmpliseer word met verwysing na die WVK. (1 x 2) (2)

2.5.3 Gebruik jou eie woorde en definieer die konsep *versoening*. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik of die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was in die bereiking van hulle doelwitte met Aartsbiskop Desmond Tutu as die voorsitter. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: VOOR WATTER UITDAGINGS HET BRICS-LEDE TE STAAN GEKOM OM PROBLEME WAT DEUR KLIMAATSVERANDERING IN DIE 21STE EEU GESKEP IS, AAN TE PAK?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Noem EEN van die globale doelwitte van volhoubare ontwikkeling wat deur die internasionale gemeenskap uiteengesit is. (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die konsep *globale klimaatsverandering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Identifiseer enige TWEE aspekte in die bron oor hoe lande uitdagings in die aanpak van klimaatsverandering verskillend aanpak. (2 x 1) (2)

3.1.4 Verduidelik die implikasie van die stelling: 'Die probleem van klimaatsverandering kan egter nie opgelos word deur die pogings van slegs een land nie.' (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Gee enige TWEE bewyse in die bron om te toon dat BRICS-lande nie 'n gemeenskaplike posisie oor klimaatsverandering het nie. (2 x 1) (2)

3.2.2 Lewer kommentaar op wat die Indiese Eerste Minister, Modi, bedoel het met 'klimaatsverandering is 'n kwelling (bekommerd daaroor) wat binne 'n raamwerk van samewerking eerder as dwang aangepak moet word'. (2 x 2) (4)

3.2.3 Verduidelik die implikasie van die stelling: 'Almal wil op die ou einde "meelopers" wees, maar niemand "wil die rekening betaal nie" ' in die konteks van die bestuur van klimaatsverandering. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Identifiseer TWEE uitdagings deur President Jinping genoem wat COP26 ten opsigte van klimaatsverandering moes aanpak. (2 x 1) (2)

3.3.2 Verduidelik die konsep *multilateralisme* in die konteks van die aanpak van globale klimaatsverandering. (1 x 2) (2)

3.3.3 Volgens President Jinping, watter TWEE dokumente verskaf die regsbasis vir internasionale samewerking oor klimaatsverandering? (2 x 1) (2)

3.3.4 Haal enige TWEE maniere aan, volgens President Jinping, hoe die wêreld op klimaatsverandering moet reageer. (2 x 1) (2)

3.3.5 Lewer kommentaar op hoekom 'n historikus wat China se bydrae tot die aanpak van globale klimaatsverandering gedurende COP26 navors, hierdie bron betroubaar sou vind. (2 x 2) (4)

3.4 Verwys na Bron 3A en Bron 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3A die inligting in Bron 3C ondersteun oor die BRICS-lande se posisie om globale klimaatsverandering uit te daag. (2 x 2) (4)

3.5 Raadpleeg Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die boodskappe wat deur hierdie foto oor globale klimaatsverandering oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.5.2 Waarna, dink jy, verwys 'HUIS', soos in die foto vasgevang? (1 x 2) (2)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die uitdagings waarvoor BRICS-lede te staan gekom het om probleme wat deur klimaatsverandering in die 21ste eeu geskep is, te verduidelik. (8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

Swart Bewussyn het 'n beweging begin wat die politieke vakuum in die 1960's gevul het en voortgegaan het om die apartheidsregering in die 1970's suksesvol uit te daag.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Bespreek krities waarom die onderhandelingsproses tot 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 nie 'n maklike proses was nie.

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

Verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings invloedryk was om in 1989 die politiek in Suid-Afrika te beïnvloed en in 1991 tot die disintegrasie van die Sowjetunie gelei het.

Gebruik relevante historiese bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2023**

**ADDENDUM**

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

## VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC MOVEMENT (MDM) IN DIE 1980's OP PW BOTHA SE 'HERVORMINGS' GEREAGEER?

### BRON 1A

Die bron hieronder is deur S Dubow, 'n geskiedkundige, geskryf. Dit verduidelik die toestand in Suid-Afrika wat in 1989 tot die stigting van die Mass Democratic Movement (MDM) gelei het.

Die Mass Democratic Movement (MDM) was 'n los alliansie van anti-apartheidsgroepe wat in 1988 gevorm is toe die apartheidsregering beperkings op die United Democratic Front (UDF) en ander aktiviste-organisasies gelê het. Die MDM, wat uit UDF- en African National Congress (ANC)-ondersteuners bestaan het, het toe verrys as 'n selfs breër, meer vormlose (ongestruktureerde) front om teen apartheid weerstand te bied. Hulle het sterk bande met die Congress of South African Trade Unions (COSATU) gehad. Die feit dat die MDM geen permanente struktuur gehad het nie, het dit vir die regering moeilik gemaak om 'n verbod op hulle aktiwiteite te plaas.

COSATU het in Julie 1989 die voortou geneem en 'n beroep op die MDM gedoen vir ondersteuning van 'n landswye uittartingsveldtog van verset teen segregasie in hospitale, strande en openbare vervoer. Die gevolg was ses weke van uitdagende (ongehoorsame) aktiwiteite met vrywilligers wat doelbewus aanstootlike wette verbreek het en die tronke volgemaak het.

Daar is ook besluit om 'n massiewe werker-wegblyery (werkerafwesigheid) te organiseer om minagting (ontevredenheid) te toon vir die driekamerverkiesings wat op 6 September 1989 sou plaasvind; meer as 3 miljoen werkers het ag geslaan (gehoorsaam) op die oproep. Die veldtog is in middel September gestop toe die regering, met De Klerk wat die leiding geneem het, ingestem het om 'n nuwe era van konstitusionele onderhandelinge met die ANC te betree.

[Uit *Apartheid, 1948–1994* deur S Dubow]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is geneem uit 'n koerantartikel met die titel 'South African Crackdown Defeating Apartheid Defiance Campaign' ('Suid-Afrikaanse Ingryping Onderdruk Apartheidsversetveldtog') wat op 31 Augustus 1989 in *The Washington Post* verskyn het.

Die burgerlike ongehoorsaamheidsveldtog en uittarting (uitdaging) van beperkings deur Suid-Afrikaanse swartes, wat al byna 'n maand aan die gang was, het begin momentum verloor as gevolg van 'n intensiewe landswye ingryping deur die polisie en 'n skerp toename in aanvalle op anti-apartheidsaktiviste deur wit vigilantes.

Terwyl leiers van die veldtog vandag plegtig verklaar het dat hulle hulle weerstand in die laaste week voor volgende Woensdag se gesegregeerde verkiesings vir die Parlement gaan verskerp, het die polisie ingetree en die verbanning van protesvergaderings en die arrestasie van swart nasionaliste en hulle liberale wit ondersteuners verskerp in, wat hulle gesê het, 'n poging was om die ontwrigting van die verkiesings te voorkom.

Mary Burton, die wit president van die Black Sash anti-apartheidsgroep vir vroue, en Dorothy Boesak, die vrou van Eerwaarde Allan Boesak, president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, is ook gearresteer. Die vroue het probeer om 'n optog te reël na die Britse Ambassade, wat op die terrein van Suid-Afrika se Parlement geleë is, om 'n beroep op die Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, te doen om as bemiddelaar op te tree namens swart kinders wat vir beweerde veiligheidsmisdrywe aangehou is.

'n Poging deur swartes om bussegregasiewette in Pretoria te minag, is meesal deur die arrestasie van ongeveer 'n dosyn betogers gedwarsboom (verhinder) voordat hulle in die busse vir slegs wittes kon klim, en planne om 'n veldtog vir 'alle skole vir alle mense' te begin, waar swart ouers sou probeer het om hulle kinders in skole slegs vir wittes in te skryf, het nie plaasgevind nie.

[Uit *The Washington Post*, 31 Augustus 1989]

**BRON 1C**

Die bron hieronder is geneem uit 'n koerantartikel wat op 14 September 1989 in *The Washington Post* verskyn het. Dit beskryf in hooftrekke die gebeure wat op 13 September 1989 ontvou het gedurende die vredesoptog, wat deur die Mass Democratic Movement (MDM) in Kaapstad gehou is.

Meer as 20 000 anti-regeringsbetogers van alle rasse het vandag Kaapstad se hoofstraat gevul in 'n 'optog vir vrede'. Burgerregteleiers het gesê dit toon die waardeloosheid (nutteloosheid) van noodregulasies (wette) wat gewoonlik sulke uitdrukkings van politieke meningsverskille (konflik) verbied. Die optog, wat sonder enige voorval verloop het, was een van die grootstes wat al ooit in Suid-Afrika gehou is en die enigste een wat in die laaste jare 'n amptelike regeringskwytskelding (afstand doen) van meer as 'n dosyn noodregulasies ontvang het waaronder dit vooraf verban of met geweld opgebreek kon word. Eerwaarde Allan Boesak, wat saam met die Anglikaanse Aartsbiskop Desmond Tutu, die optog van 'n myl lank gelei het, het aan die juigende ondersteuners by die Stadsaal belowe dat die anti-apartheidsbeweging se sesweek-veldtog van uitdaging (uittarting) sou voortgaan 'so lank as wat ons mense nie toegelaat word om vir 'n regering van ons keuse te stem nie'.

Swart, wit en Kleurling-, of gemengde ras-optoggangers het vandag in 'n golf in die stad se breë Adderleystraat afbeweeg terwyl hulle 'We Shall Overcome' en ander vryheidsliedjies gesing het in 'n uitstorting (uitbarsting) wat mens aan die Amerikaanse burgerregtebeweging in die 1960's laat dink het. Optoggangers het die banier van die verbode African National Congress en ander embleme van rewolusie gedra, en het openlik 'n beroep gedoen vir die omverwerping van die regering. Hulle het met die menigte (baie) wette teen politieke meningsverskille (onenigheid) gespot (grap gemaak daarvan) wat op enige ander tydstip in die laaste drie jaar feitlik verseker streng ingryping deur die polisie sou uitgelok het.

… Tutu, met 'n laventelkleurige (pers) ampsgewaad, het stralend aan die skare gesê: 'Vandag is 'n dag waarop ons, die mense, 'n groot oorwinning vir regverdigheid en vrede behaal het.'

[Uit *The Washington Post*, 14 September 1989]

**BRON 1D**

Die foto hieronder (fotograaf onbekend) is op 13 September 1989 geneem. Dit toon 'n gedeelte van die skare wat aan die vredesoptog deelgeneem het wat deur die Mass Democratic Movement (MDM) georganiseer is, met Allan Boesak, een van hulle leiers, sigbaar.




[Uit *Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*]

**Allan Boesak**

**Vrede in ons stad
Stop die moorde**

**UDF**

## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE BEREIKING VAN HULLE DOELWITTE MET AARTSBISKOP DESMOND TUTU AS DIE VOORSITTER?

### BRON 2A

Die bron hieronder is geneem uit 'n aanlyn koerantartikel met die titel 'World Leaders Mourn Archbishop Desmond Tutu in Acknowledgement of Services Rendered to Imperialism: Sanitising the Crimes of Apartheid' (Wêreldleiers Rou oor Aartsbiskop Desmond Tutu in Erkenning van Diens Gelewer aan Imperialisme: Suiwering van die Apartheidsmisdade), deur professor Jean Shaoul op 5 Januarie 2022. Dit verduidelik Tutu se bydrae as voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK).

Nelson Mandela, die eerste demokratiese Suid-Afrikaanse president, het Aartsbiskop Tutu as voorsitter van die Kommissie verkies. Dit is in 1996 begin en die doel daarvan was om algemene aandrang vir die verhoor te keer (te voorkom) van diegene wat vir die dood en marteling van tien duisende swart werkers en jongmense onder apartheid verantwoordelik was.

Tutu het 'n beroep gedoen vir versoening met die oortreders van waarlik verskriklike (afskuwelike) misdade, met slagoffers en oortreders wat die koudbloedige besonderhede van marteling en sluipmoorde (politieke moorde) beskryf. Die Kommissie het die gruweldade (politiese moorde) gekatalogiseer (aangeteken), onder meer die Sharpeville-slagting in 1960, die moorde in Soweto in 1976 en in Langa in 1985, en die moordbendes in die berugte (bekende) Vlakplaaskamp. Die gevolgtrekking (beslissing) was dat die regerende Nasionale Party-regering en hulle veiligheidsmagte vir die meerderheid menseregteskendings verantwoordelik was en is deur die sakewêreld, die regsbank (regters), die media en die kerk ondersteun.

Die bekendstelling van die WVK se verslag van vyf volumes, wat in 1998 verskyn het, het bevestig dat die toenemende wrede toepassing (afdwing) van apartheid primêr deur die vrees vir sosiale rewolusie gemotiveer is wat as die 'kommunistiese bedreiging' in Afrika voorgestel is; dat die besluit om apartheid te beëindig en om die mag aan die ANC oor te gee, op die afweer (voorkoming) van massarewolusie deur Suid-Afrika se werkers en jongmense gemik was; en dat die weg wat deur die ANC geneem is, ontwerp is om so 'n rewolusie te verhoed. Tutu het gesê: 'Indien die wonderwerk van ooreengekome skikking nie plaasgevind het nie, sou ons oorweldig gewees het deur die bloedbad wat feitlik deur almal as die onvermydelike einde van Suid-Afrika voorspel is.'

[Uit 'World Leaders Mourn Archbishop Desmond Tutu in Acknowledgement of Services Rendered to Imperialism: Sanitising the Crimes of Apartheid' deur J Shaoul]

**BRON 2B**

Die spotprent hieronder is deur J Shapiro, 'Zapiro', geteken en dit beeld Aartsbiskop Desmond Tutu uit wat in 1998 die Waarheids-en-Versoeningskommissie se finale verslag aan Thabo Mbeki in Kaapstad oorhandig.




[Uit *Truths Drawn In Jest: Commentary on the TRC through Cartoons*, geredigeer deur Verwoerd en Mahlubi 'Chief' Mabizela]

**SNIPPERMASJIEN** – Masjien wat inkriminerende dokumente met sensitiewe inligting vernietig

**SNIPPERMASJIEN**

**ONS HET SOVEEL BEWYSE HANTEER AS WAT ONS KON.**

**ONS OOK.**

**BRON 2C**

Die uittreksel hieronder is geneem uit 'n inligtingsdokument met die titel 'Truth and Justice: Unfinished Business in South Africa' deur Amnestie Internasionaal/Human Rights Watch. Dit het die aandag gevestig op hoe die aanbevelings van die WVK-verslag verder deur die regsbank (regters) en die regering ná 1994 hanteer moes word.

Selfs voordat die voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) die 1998- finale verslag kon aflewer, is 'n aantal oortreders verantwoordelik vir menseregteskendings in die tydperk voor Mei 1994 vervolg. Hierdie verhoorverrigtinge was 'n kritieke deel van die konteks waarin die WVK gewerk het, en het vandag steeds belangrike gevolge. Die mislukking van verskeie verhore het spesifiek beteken dat sommige sektore van die vorige veiligheidsmagte in die praktyk verantwoordelikheid vir ernstige menseregteskendings ontduik het.

Die WVK het in hulle 1998-verslag aanbeveel dat inligting wat gedurende hulle ondersoeke bymekaar gemaak is, gebruik moet word as die basis vir verdere ondersoek en die vervolging van individue verantwoordelik vir ernstige menseregteskendings en aan wie nie amnestie verleen is nie. Die WVK het in die besonder by die regstelsel aangedring om 'nougeset aandag te gee aan die vervolging van lede van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) wat mense in hulle sorg aangerand, gemartel en/of doodgemaak het'. Die volgehoue voorkoms van marteling, aanranding met die opset om ernstige letsels toe te dien en moorde volgens die teregstellingstyl by gearresteerde verdagtes in polisieondersoeke, het die dringendheid (spoed) van hierdie aanbeveling deur die WVK beklemtoon.

Sedert 1998 is vordering om op hierdie aanbeveling te reageer, stadig alhoewel die regering 'n eenheid in die kantoor van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging (NDOV) gestig het om hierdie sake verder te voer. Hierdie 'spesiale nasionale projekte'-eenheid hanteer ook gevalle van georganiseerde misdaad. Die klein aantal personeellede, onder 'n ervare advokaat en aanklaer, is steeds betrokke by die identifisering en voorbereiding van sake vir moontlike vervolging. Beperkte hulpbronne en struikelblokke om bewyse te herwin, sal hulle vermoë om baie sake te vervolg, verhinder.

[Uit 'Truth and Justice: Unfinished Business in South Africa', 2003, deur Amnestie Internasionaal/Human Rights Watch

**BRON 2D**

Die bron hieronder is op 'n openbare debat oor die nalatenskap van die Waarheids-en-Versoeningskommissie gebaseer. Dit is in Kaapstad gehou en *Newzroom Afrika,* 'n Suid-Afrikaanse televisienuuskanaal, was die gasheer. Anita Dywaba, 'n junior multimediajoernalis, het op 27 Desember 2021 'n oorsig oor die debat op *Independent Online (IOL) News* gedoen.

Sedert die aankondiging van Aartsbiskop Emeritus Desmond Tutu se heengaan, is die sosiale media aan die gons (besig) met baie wat die gevalle held prys vir sy aktivismewerk teen die ingenieurs van die apartheidsregime, die Nasionale Party. Terwyl die grootste deel van die wêreld herinneringe opgehaal het van hulle persoonlike ontmoetings met die oorlede Aartsbiskop Emeritus Desmond Tutu, het sommige hulle moedeloosheid (hopeloosheid) oor die nuus van sy heengaan uitgespreek. Die hartseer spruit skynbaar uit die veronderstelde mislukking van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) onder Tutu se voorsitterskap.

In reaksie op hierdie kritiek het die voormalige President van Suid-Afrika, Thabo Mbeki, gesê dat die Aartsbiskop nie die verantwoordelikheid moet dra vir die tekortkominge van die Waarheids-en-Versoeningskommissie nie. 'Nee, die Aartsbiskop kan nie geblameer word vir wat ook al die tekortkominge was nie. Daar kon tekortkominge in die ontwerp van die proses gewees het. In daardie geval moet ons wat dit ontwerp het verantwoordelikheid neem vir dit wat verkeerd was,' het Mbeki gesê.

Mbeki het gesê dat die Aartsbiskop en ander mense wat deel van die WVK was, hulle bes onder omstandighede gedoen het om te help om die nuwe Suid-Afrika te bou. 'Ek dink nie die WVK het nie voldoen aan wat dit ontwerp was om te bereik nie; daar kon verkeerde verwagtinge daaroor gewees het. Die versoeningsproses is die oorblywende uitdaging vir ons, maar daardie proses van versoening kon nie net deur die WVK-proses bereik word nie,' het Mbeki gesê. 'Die uitroei (beëindiging) van die nalatenskap van apartheid en kolonialisme was nie die taak van die WVK nie; dit was die taak van die regering ná 1994, ' het hy gesê.

[Uit *Independent Online (IOL) News*, 27 Desember 2021]

## VRAAG 3: VOOR WATTER UITDAGINGS HET BRICS-LEDE TE STAAN GEKOM OM PROBLEME WAT DEUR KLIMAATSVERANDERING IN DIE 21STE EEU GESKEP IS, AAN TE PAK?

### BRON 3A

Die bron hieronder is geneem uit 'n artikel met die titel 'BRICS Countries Political and Legal Participation in the Global Climate Change Agenda' (BRICS-lande Politieke en Regsdeelname aan die Klimaatsveranderingsagenda) deur E Gladun et al. en het in 2016 in die *BRICS LAW JOURNAL* verskyn. Dit maak voorstelle oor hoe probleme wat deur klimaatsverandering geskep is, aangepak kan word.

Een van die globale doelwitte van volhoubare ontwikkeling wat deur die internasionale gemeenskap uiteengesit word, is om lewensgehalte binne die beperkinge (grense) van die natuurlike omgewing te verbeter. Die primêre (belangrikste) manier om dit te bereik, is om klimaatsverandering te verminder. Die globale probleem van klimaatsverandering word hanteer in die oorvloed (baie) internasionale dokumente wat die regsraamwerk vorm wat die aktiwiteite van state beheer om kweekhuisgasuitlatings ('GHG') te verminder, om die beste tegnologieë te ontwerp en te implementeer, en om op die terrein van die beskerming van die osoonlaag* saam te werk.

Die versamelde waargenome bewyse van werklike osoonlaagvermindering (agteruitgang) teen die middel van die 1980's was 'n sleutelfaktor wat lande in die era van klimaatsverandering ingelei het. Staats-, streeks- en multilaterale pogings om klimaatsverandering te hanteer, verskil met betrekking tot omvang, fokus en styl. Daar is ook groot diversiteit (verskille) in die sosiale en regsstelsels in die state wat onderneem het om klimaatskwessies te reguleer (beheer).

Sommige lande is meer ervare om kwessies wat met die natuurlike omgewing verband hou doeltreffend te reguleer, terwyl ander min ervaring het met die gebruik van regulerende (beherende) instrumente met betrekking tot hierdie vraag. Die probleem van klimaatsverandering kan egter nie opgelos word deur die pogings van slegs een land nie. Om die uitwerking van klimaatsverandering te verminder, sal eerstens globale konsensus (eenstemmigheid) vereis en ook doeltreffende globale omgewings-eenstemmigheid oor die geskikte reaksie op klimaatsverandering. Die doeltreffendheid van só 'n ooreenkoms hang af van die deelname van beide ontwikkelde en onontwikkelde lande.

[Uit 'BRICS Countries Political and Legal Participation in the Global Climate Change Agenda' deur E Gladun et al.]

***Osoonlaag:** Die deel van die aarde se atmosfeer wat byna al die son se skadelike ultraviolet lig absorbeer

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel met die titel 'The BRICS on Climate Change Global Governance' (BRICS oor Klimaatsverandering Globale Beheer). Dit het in 2016 in die *Journal of Global Studies Meridiano 47* verskyn. Dit verduidelik uitdagings wat BRICS-lande het om op klimaatsverandering te reageer.

Dit is eerstens duidelik dat daar geen algemene posisie onder hulle (BRICS-lede) is nie. Nie net is die ambisies en die omvang van die voorstelle verskillend nie, die beleide verskil ook. Byvoorbeeld, terwyl China en Suid-Afrika besluit het om hulle doelwitte te definieer deur te erken dat daar in die volgende dekades 'n hoogtepunt bereik sal word, en dat daar dan vanaf 2030 'n baie skerp afname sal wees, het die Indiërs gekies om hulle kweekhuisgasuitlatings ('GHG') progressief (geleidelik) te verminder. Brasilië het op hulle beurt verkies om 'n absolute bydrae te maak. Laastens het die Russe een of ander 'natuurlike meganisme' gekies om hulle uitlatings te verminder. Dit illustreer die probleem om eenderse (ooreenkomstige) maatreëls met betrekking tot klimaatskwessies te identifiseer.

Alhoewel almal van hulle bewus is van die noodsaaklikheid en belangrikheid daarvan om volgens dieselfde beginsels op te tree om die impak van hulle aksies te versterk (te vergroot), is daar geen gesinkroniseerde (gesamentlike) optrede nie. Soos die Indiese Eerste Minister Narendra Modi dit direk gestel het 'klimaatsverandering is 'n kwelling (bekommerd daaroor) wat binne 'n raamwerk van samewerking eerder as dwang aangepak moet word'. Tweedens is die Russe se posisie in BRICS ongemaklik (moeilik). Dit is gedeeltelik omdat hulle as 'n Annexure I-groep* geklassifiseer word, so sommige verpligtinge rus direk op hulle in vergelyking met ander – wat geen verpligtinge het nie.

Een van die grootste uitdagings is dat daar erkenning is dat die koste om die gevolge van klimaatsverandering te beveg in die toekoms hoër gaan wees as streng maatreëls nie nou ingestel word nie. Die lande bied dus 'n kort-medium standpunt oor buitelandse beleid aan. Min van hulle (indien enige) is bereid om ekonomiese groei in te boet in die plek van die bevordering van 'globale publieke welsyn'. Almal wil op die ou einde 'meelopers' wees, maar niemand 'wil die rekening betaal nie'.

[Uit *Journal of Global Studies Meridiano 47* deur AL Rinaldi et al.]

***Annexure 1-groep:** Klassifikasie volgens die Kyoto Protokol van meesal ontwikkelde lande wat regtens bindende mikpunte het ten opsigte van die vermindering van hulle uitlatings

**BRON 3C**

Hierdie bron is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur President HE Xi Jinping van China by die COP26-beraad (die 26ste sessie van die Conference of the Parties) wat op 1 November 2021 in Glasgow (Skotland) gehou is. Dit beskryf in breë trekke maatreëls wat wêreldleiers uit ontwikkelde en onontwikkelde lande moet tref om die uitdagings wat deur klimaatsverandering gestel word, aan te pak.

Kollegas,
Dit is vir my baie aangenaam om die Wêreldleiersberaad by te woon en om maniere te bespreek om klimaatsverandering aan te pak. Die nadelige gevolge van klimaatsverandering het tydens ons gesprek duidelik geword en dit is toenemend dringend dat daar globaal opgetree moet word. Hoe om op klimaatsverandering te reageer en die wêreldekonomie te laat herleef, is hedendaagse uitdagings wat ons die hoof moet bied.
**Eerstens moet ons multilaterale (alle partye) konsensus (ooreenkoms) handhaaf.** Wat betref globale uitdagings, soos klimaatsverandering, is multilateralisme (veelsydigheid) die regte vereiste. Die United Nations Framework Convention on Climate Change (Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering) en die Paris Agreement (Paryse Ooreenkoms) verskaf die fundamentele regsbasis vir internasionale samewerking oor klimaat. Partye moet voortbou op bestaande konsensus, wedersydse vertroue, samewerking verbeter en ook saamwerk om 'n suksesvolle COP26 in Glasgow te hê.
**Tweedens moet ons op konkrete aksies (optrede) fokus.** Visies sal slegs bewaarheid word indien ons daarop reageer. Partye moet hulle verpligtinge nakom, realistiese teikens en visies daarstel, en hulle bes doen om volgens nasionale toestande hulle klimaatsaksiesmaatreëls in te stel. Ontwikkelde lande moet nie net self meer doen nie, hulle moet ook ontwikkelde lande bystaan om beter te doen.
**Derdens moet ons die groen oorgang bespoedig.** Dit is belangrik om innovering in wetenskap en tegnologie aan te moedig om ons energie en hulpbronne asook die nywerheidstruktuur en verbruikspatroon te transformeer en op te gradeer om 'n groener samelewing te bevorder en om 'n nuwe weg vorentoe te ondersoek wat ontwikkeling met bewaring koördineer.
Dankie.

[Uit *Chinadaily,* November 2021]

**BRON 3D**

Die foto hieronder is op 13 November 2021 gedurende die COP26-klimaatsveranderingkonferensie in Glasgow, Skotland, geneem. Dit toon klimaatsveranderingaktiviste wat plakkate gebruik om hulle gevoelens oor die gevolge van klimaatsverandering in die wêreld te verwoord.




[Uit https://www.alamy.com/stock-photo/cop26-climate-change-conference-leiers.html. Toegang op 24 Julie 2022 verkry.]

**WIE SE PLANEET? ONS PLANEET**

**LEIERS MORS TYD TERWYL ONS HUIS BRAND**

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

'Truth and Justice: Unfinished Business in South Africa', Februarie 2003 (Amnestie Internasionaal/Human Rights Watch)

*Chinadaily,* November 2021

Dubow, S. 2014. *Apartheid, 1948–1994* (Oxford University Press)

Gladun, E et al. 2000. 'BRICS Countries Political and Legal Participation in the Global Climate Change Agenda'

https://www.alamy.com/stock-photo/cop26-climate-change-conference-leiers.html.

*Images of Defiance: South African Resistance Posters of the 1980s*

*Independent Online (IOL) News*, 27 Desember 2021

Rinaldi, AL et al. 2016. *Journal of Global Studies Meridiano 47*, Department of Political Science, University of Sao Paulo, Brasilië

Shaoul. J. 2022. 'World Leaders Mourn Archbishop Desmond Tutu in Acknowledgement of Services Rendered to Imperialism: Sanitising the Crimes of Apartheid'*,* Manchester University, Verenigde Koninkryk

Verwoerd en Mahlubi 'Chief' Mabizela. 2002. *Truths Drawn In Jest: Commentary on the TRC through Cartoons,* David Philip Publishers, Kaapstad

*The Washington Post*, 31 Augustus 1989

*The Washington Post*, 14 September 1989

*Kopiereg voorbehou*

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**GESKIEDENIS V2**

**2023**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 26 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

### 1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . _________________________
_____________________________________________ . _________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL struktuur in gedagte in die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van ŉ opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ____________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**
Sommige weglatings in inhoud dekking.
Pogings om 'n argument volte hou

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: HOE HET DIE MASS DEMOCRATIC BEWEGING (MDM) IN DIE 1980's OP PW BOTHA SE 'HERVORMINGS' GEREAGEER?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A -V1]*

- '... toe die apartheidsregering beperkings op die United Democratic Front (UDF) en ander aktiviste-organisasies gelê het.' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A -V1]*

- 'United Democratic Front/ (UDF)'
- 'African National Congress/ (ANC)'
- 'Congress of South african Trade Unions/(COSATU)

(3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A -V2]*

- Om 'n groter spektrum formasies in die stryd teen apartheid te hê
- Om dit vir die apartheidsregering moeilik te maak om hulle aktiwiteite te verban/ te voorkom dat aktiviste deur die apartheidsregering gearresteer word
- Om die stryd teen apartheid as 'n verenigde front meer intens te maak
- Om die Kongresalliansiebeweging in alle sektore van die samelewing te verenig om die apartheidsregime te laat oorgee
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Definisie van 'n term uit Bron 1A -V1]*

- Vreedsame/nie-geweldadige/ geweldadige protesaksie wat spesifiek op die ondermyning van segregasiewette gemik is
- Optrede van burgerlike ongehoorsaamheid teen diskriminerende wette
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A -V2]*

- Die MDM het alle hervormings wat steeds swartes uitgesluit het, verwerp/saboteer
- Die driekamerverkiesings was steeds op segregasie gebaseer
- Om werkers te mobiliseer om weg te bly sodat besighede druk op die regering plaas
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B -V1]*

- 'intensiewe landswye ingryping deur die polisie'
- 'skerp toename in aanvalle op anti-apartheidsaktiviste deur wit vigilantes'

(2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B -V2]*

- Om verkiesings wat op segregasiewette gebaseer is, te verwerp
- Stuur 'n sterk boodskap dat die verkiesings van die driekamerparlement nie aanvaar sou word nie
- Om met burgerlike ongehoorsaamheid voort te gaan
- Om die apartheidsregering te verswak en diskrediteer
- Enige relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B -V2]*

- Om segregasiewette in Suid-Afrika aan die internasionale wêreld te onthul
- Om die Suid-Afrikaanse regering te wys dat die MDM alle weë sal gebruik om hervormings te verwerp
- Ondersteuning van die Britse regering te kry/Suid-Afrika was deel van die Britse Statebond
- Om swart kinders wat aangehou is se stemme te verteenwoordig
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B -V1]*

- ‘om bussegregasiewette te minag’
- 'om 'n veldtog vir 'alle skole vir alle mense' te begin’ (2 x 1) (2)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C -V1]*

- 'Meer as 20 000 anti-regeringsbetogers van alle rasse het vandag Kaapstad se hoofstraat gevul'
- 'Burgerregteleiers het gesê dit toon die waardeloosheid (nutteloosheid) van noodregulasies (wette)'
- 'Die optog, wat sonder enige voorval verloop het'
- 'was een van die grootstes wat al ooit in Suid-Afrika gehou is'
- 'die enigste een wat in die laaste jare 'n amptelike regeringskwytskelding (afstand doen) van meer as 'n dosyn noodregulasies ontvang het'
- ‘Vandag is die dag waarop ons, die mense, ‘n groot oorwinning vir regverdigheid en vrede behaal het’

(enige 2 x 1) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C -V2]*

- De Klerk, as nuwe leier van die Nasionale Party, wou wys dat hy besig was om die land op 'n oorgang na demokrasie te plaas
- De Klerk het 'n meer liberale benadering tot optogte gehad om sy bedoeling om te verander/ hervorming, te toon
- Om negatiewe publisiteit te voorkom en om Suid-Afrika se reputasie internasionaal te versterk
- Die vryheidstryd het verskerp tot so 'n mate dat die apartheidsregering gewillig was om met die vryheidsbeweging te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Verduideliking van 'n historiese term uit Bron 1C -V2]*

- Noodwette/tydelike wette wat deur die apartheidsregime aangeneem is om politieke aktiwiteite te beheer wat deur die vryheidsbeweging teen diskriminerende wette georganiseer is
- Spesiale maatreëls wat deur die apartheidsregering toegepas is om enige teenstand en verset daarteen te onderdruk
- Spesiale wette wat spesifieke uitdrukkings om 'n politieke opset te verwerp, verbied
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C -V1]*

- 'Swart, wit en Kleurling-, of gemengde ras-optoggangers het vandag in 'n golf'
- ' "We Shall Overcome" en ander vryheidsliedjies gesing het in uitstorting wat mens aan die Amerikaanse burgerregtebeweging in die 1960s laat dink het' (enige 1 x 2) (2)

1.4

1.4.1 *[Analise van Bron 1D -V2]*

- Om 'n unieke optog te dek/ dokumenteer, die eerste van sy soort wat in SA deur die apartheidsregime toegelaat is
- Om die menigte veelrassige mense wat die vredesoptog bygewoon het, te toon
- Om die protesaksie wat deur die MDM georganiseer is, te beklemtoon en deur Dr Allan Boesak ondersteun is
- Om die sukses van die MDM met die organisering van die vredesoptog te toon wat deur baie mense bygewoon is
- Om die ondersteuning van mense regdeur die wêreld te kry om eensgesindheid met die vryheidstryd te toon
- Om die eise van die mense aan te dui
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Bepaal die bruikbaarheid van Bron 1D -V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR want:**

- As 'n foto is dit 'n direkte bron (eerstehandse inligting)
- Dit is op die werklike dag van die vredesoptog, 13 September 1989, geneem
- Bewys wat die veelrassige aard/eenheid van die optoggangers wat betoog het toon kan bevestig word met inligting in Bron 1C
- Dit toon die gebeure soos dit gedurende die vredesoptog van 1998 ontvou het met Allan Boesak as een van die leiers
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van Bron 1C en 1D om ooreenkomste vas te stel -V3]*

- Bron 1C noem dat meer as 20 000 anti-regeringsoptoggangers deelgeneem het aan een van die grootste optogte wat nog ooit in SA gehou is en die foto in Bron 1D beeld die groot aantal mense wat die optog bygewoon het, uit
- Bron 1C noem dat anti-regeringsbetogers van alle rasse aan die vredesoptog deelgeneem het en die foto in Bron 1D beklemtoon die veelrassige aard van die betogers tydens die vredesoptog
- Bron 1C verwys na die vreedsame aard van die optog wat sonder voorval plaasgevind het en polisie-ingryping en Bron 1D toon optoggangers wat vreedsaam betoog sonder enige tekens van polisie teenwoordig /beide bronne verwys na die vredesoptog wat deur die MDM georganiseer is
- Bron 1C noem dat MDM-leiers, Desmond Tutu en Allan Boesak, die optog gelei het en Allan Boesak se teenwoordigheid by die optog kan in die foto gesien word in Bron 1D
- Bron 1C verwys na optoggangers wat baniere dra en in Bron 1D kan baniere en plakkate wat deur optoggangers gedra word, gesien word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne -V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Die MDM is in 1989 as 'n los alliansie van anti-apartheidsgroepe gevorm om die stryd teen apartheid voort te sit nadat die UDF verban is (Bron 1A)
- Die MDM het 'n burgerlike ongehoorsaamheidsveldtog onderneem teen segregasiewette en die driekamerverkiesings van 1989 (Bron 1A)
- Die MDM het verskillende organisasies saamgebring (onder meer die verbanne organisasies) om sterker te wees (Bron 1A)
- Dit het uittartingsveldtogte georganiseer (Bron 1A)
- Die burgerlike ongehoorsaamheid en uittarting van beperkings het intensiewe polisieonderdrukking beleef (Bron 1B)
- Dit het protesaksie 'n week voor die driekamerverkiesings laat eskaleer (Bron 1B)
- Mary Burton (president van Black Sash) en Dorothy Boesak (Allan Boesak se vrou) het na die Britse ambassade aan 'n optog deelgeneem (Bron 1B)
- Dit het bussegregasie in Pretoria uitgedaag (Bron 1B)
- Dit het veldtog, 'alle skole vir alle mense', begin (Bron 1B)
- Het op 13 September 1989 die vredesoptog op gehou (Bron 1C)
- Leiers van die MDM het op oorwinning aanspraak gemaak as gevolg van die nie-inmenging van die apartheidstaat tydens die vredesoptog (Bron 1C)
- Dit het 'n veelrassige groep mense suksesvol bymekaar gebring (Bron 1C en 1D)
- Die MDM het 'n geweldlose benadering toegepas (eie kennis)
- MDM het ander aktiwiteite soos verbruikersboikotte en wegbly-aksies georganiseer (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die MDM op PW Botha se 'hervormings' in die 1980's gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die MDM op PW Botha se 'hervormings' in die 1980's gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die MDM op PW Botha se 'hervormings' in die 1980's gereageer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50**

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE BEREIKING VAN HULLE DOELWITTE MET AARTSBISKOP DESMOND TUTU AS DIE VOORSITTER?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A -V1]*

- ' ... algemene aandrang vir die verhoor te keer (te voorkom) van diegene wat vir die dood en marteling van tien duisende swart werkers en jongmense onder apartheid verantwoordelik was'

(1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A -V1]*

- 'Sharpeville'
- 'Soweto'
- 'Langa'
- 'Vlakplaaskamp' (enige 3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A -V2]*

- Om die massa- en arbeidsbetogings te stop wat doeltreffend sou wees om die Nasionale Party te dwing om apartheid te beëindig
- Om bloedbad / revolusie / burgeroorlog te vermy
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A -V2]*

- Die WVK is gestig met die doel om die gruweldade wat in die verlede gepleeg is, te hanteer
- Die WVK is as 'n instrument gebruik wat sou genees en 'n verenigde Suid-Afrika sou bou
- Versoening/herstellende geregtigheid (amnestie en vergoeding) is beklemtoon deur die kommissie sodat daar geen behoefte aan wraak was wat 'n bloedbad sou veroorsaak nie
- Sommige familielede van slagoffers kon afsluiting vind
- Suid-Afrikaners was in staat om die waarheid oor die gruweldade in die verlede te konfronteer sodat die oortreders en slagoffers van apartheid kon versoen
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B -V2]*

- Die WVK voorsitter Desmond Tutu oorhandig die finale WVK verslag aan Thabo Mbeki
- Die finale verslag het nie al die gevalle/sake gedek nie want die apartheidsregering en die veiligheidsmagte het die meeste van die bewyse(snippermasjien) van misdade wat in die verlede gepleeg is, vernietig
- Die WVK se doelwitte is nie ten volle behaal nie dis het Tutu gesê dat – 'ONS HET SOVEEL BEWYSE AS WAT ONS KON, HANTEER'
- FW de Klerk word uitgebeeld soos iemand wat iets wegsteek – 'loer'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B -V2]*

- Sekuriteitsmagte het nie die waarheid ten opsigte van hulle rol in menseregteskendings vertel nie
- Die veiligheidsmagte het geïmpliseer dat die WVK se finale verslag onvolledig was
- Massiewe regeringrekords en dokumente is deur die veiligheidsmagte gesnipper om te verseker dat daar geen bewyse was wat die apartheidsleiers soos De Klerk in die WVK se finale verslag te inkrimineer nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C -V1]*

- '... sommige sektore van die vorige veiligheidsmagte in die praktyk verantwoordelikheid vir ernstige menseregteskendings ontduik het ontduik het' (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Definisie van historiese konsep in konteks van Bron 2C –V2]*

- Lede van die veiligheidsmagte/enigiemand wat tussen 1960 en 1994 grusame menseregteskendings in Suid-Afrika gepleeg het
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C -V2]*

- Die WVK het hulle mandaat voltooi (aanbevelings), dit het nie die mag gehad om die NDOV te dwing om hulle aanbevelings te implementeer nie
- Die WVK het by die NDOV aanbeveel dat daar vervolging moet wees
- Die regering se verantwoordelikheid was om te verseker dat die oortreders vervolg word maar dit het misluk omdat die WVK nie 'n geregshof was nie
- Die WVk se mandaat was tot die bevordering van herstellende geregtigheid beperk
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C -V1]*

- '... eenheid hanteer ook gevalle van georganiseerde misdaad sake'
- 'Beperkte hulpbronne
- struikelbloke om bewyse te herwin sal hulle vermoë om baie sake te vervolg, verhinder' (enige 3 x 1) (3)

2.3.5 *[Bepaal beperkinge van Bron 2C -V3]*

**Die bron is BEPERK omdat:**

- Die titel van die bron, 'Truth and Justice: Unfinished Business', die mislukking van die WVK sterk suggereer
- Die WVK-verslag was slegs 'n aanbeveling
- Eensydige standpunt deur Amnestie Internasionaal/ Human rights Watch rakende die WVK se aanbevelings
- Die datum van die bron (inligtingsdokument in 2003) dui aan dat dit vyf jaar na die WVK-verslag gepubliseer is (1988)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van Bron 2B en 2C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun -V3]*

- Bron 2B suggereer dat Tutu erken het dat die finale verslag nie onweerlegbaar (het soveel bewyse as wat ons kon, hanteer) en in Bron 2C word die verslag 'onafgehandelde besigheid' beskou
- Bron 2B wys De Klerk en die veiligheidsmagte met 'n snippermasjien wat baie inkriminerende bewyse vernietig het en in Bron 2C word verwys na die mislukking van verskeie verhore en dat sommige sektore van die vorige veiligheidsmagte in die praktyk verantwoordelikheid vir ernstige menseregteskendings ontduik het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D -V1]*

- '...baie wat die gevalle held prys vir sy aktivismewerk teen die ingenieurs van die apartheidsregime, die Nasionale Party' (1 x 2) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D -V2]*

- Die tekortkominge van die WVK is in die doelwitte en die omvang van die werksaamhede vasgelê
- Tutu het sy werk as voorsitter van die WVK gedoen, die fout was die gebrek aan implementering van die WVK se verslag
- Tutu kan nie vir die swakhede van die WVK geblameer word nie
- Die WVK het nie ‘n mandaat gehad om oortreders te vervolg nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5.3 *[ Definisie van 'n konsep in eie woorde uit Bron 2D -V1]*

- 'n Proses van die fasilitering van vreedsame afsluiting tussen die oortreder en die slagoffer/vyande
- Dit is 'n proses waar die slagoffer die redes waarom die oortreder hulle menseregte geskend het, verstaan en hulle in die openbaar vergewe
  'n Proses waar die oortreder verantwoordelikheid neem vir hulle optrede om die skade wat hulle aangerig te herstel met straf uitgesluit
- 'n Proses waar slagoffers en oortreders/vyande saamkom om saam die nasleep (gevolge) van die oortredings wat plaasgevind het, op te los
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne -V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
**Kandidate moet aandui of die WVK SUKSESVOL of ONSUKSESVOL was**

**SUKSESVOL**
- Dit is gelei deur Aartsbiskop Desmond Tutu, 'n voorsitter wat deur President Mandela gekies is (Bron 2A)
- Dit het daarin geslaag om gruweldade wat deur apartheidsveiligheidsmagte gepleeg is, aan te teken (Bron 2A)
- Die WVK het 'n proses begin wat 'n bloedbad in Suid-Afrika voorkom het (Bron 2A)
- Die finale verslag is aan Thabo Mbeki voorgelê (Bron 2B)
- Die WVK het aanbevelings om te vervolg aan die regsstelsel gemaak (Bron 2C)
- Sosiale media het Tutu – as 'n gevalle held – geprys (Bron 2D)
- Mbeki het voorgestel dat Tutu goeie werk vir die WVK gedoen het (Bron 2D)
- Sommige slagoffers en familielede vind afsluiting(eie kennis)
- Sommige slagoffers se liggame was gevind en kon weer begrawe word(eie kennis)
- Lei tot versoening tussen slagoffers en oortreders(eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**ONSUKSESVOL**
- Die finale verslag was onvolledig (Bron 2B)
- Tutu self het erken dat die finale WVK-verslag nie al die bewyse gehad het nie (Bron 2B)
- De Klerk en sy veiligheidsmagte het inkriminerende bewyse vernietig (Bron 2C) – dit het dus die WVK-bevindings en verslag verswak
- Die WVK word as onvolledig gemerk (Bron 2C)
- Die NBOV was te stadig met die vervolging van die aanbevelings deur die WVK (Bron 2C)
- Baie het die WVK as 'n mislukking beskou (Bron 2D)
- Mbeki het gesuggereer dat die tekortkominge van die WVK in die stigting daarvan vasgelê is (Bron 2D)
- Sommige slagoffers kla oor gebrek aan vergoeding( eie kennis)
- Sommige slagoffers voel dat oortreders slegs by WVK verskoning gevra het(eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van of die WVK suksesvol was in die bereiking van hulle doelwitte met Aartsbiskop Desmond Tutu as die voorsitter nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meesal relevant en hou tot 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon 'n begrip van of die WVK suksesvol was in die bereiking van hulle doelwitte met Aartsbiskop Desmond Tutu as die voorsitter.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van of die WVK suksesvol was in die bereiking van hulle doelwitte met Aartsbiskop Desmond Tutu as die voorsitter.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: VOOR WATTER UITDAGINGS HET BRICS-LEDE TE STAAN GEKOM OM PROBLEME WAT DEUR KLIMAATSVERANDERING IN DIE 21STE EEU GESKEP IS, AAN TE PAK?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A -V1]*

- 'om lewensgehalte binne die beperkinge (grense) van die natuurlike omgewing te verbeter' (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van konsep in eie woorde uit Bron 3A -V1]*

- Gemiddelde langtermyn-verskuiwings in temperature en weerpatrone
- Veranderinge in weerpatrone wat regdeur die wêreld ervaar word wat mense negatief beïnvloed/Uitputting van ossonlaag veroorsaak deur besoedeling en koolstofvrystelling
- Uiterste weerpatrone wat regdeur die wêreld ontwikkel as gevolg van aardverwarming /menslike aktiwiteite
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A -V1]*

- 'omvang'
- 'fokus'
- 'styl' (enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A -V2]*

- Alle individuele lande in die hele wêreld moet 'n bydrae maak vir suksesvolle bestuur van klimaatsverandering
- Alle lande in die wêreld moet soortgelyke programme ontwikkel vir die vermindering van skade wat deur klimaatsverandering veroorsaak word
- 'n Land se pogings wat in isolasie van ander lande aangeneem word, sal nie suksesvolle gevolge in die bestuur van klimaatsverandering hê nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B -V1]*

- 'Nie net is die ambisies en die omvang van die voorstelle verskillend nie, die beleide verskil ook'
- 'terwyl China en Suid-Afrika besluit het om hulle doelwitte te definieer deur te erken dat daar in die volgende dekades 'n hoogtepunt bereik sal word, en dat daar dan vanaf 2030 'n baie skerp afname sal wees'
- 'het die Indiërs gekies om hulle kweekhuisgasuitlatings ('GHG') progressief (geleidelik) te verminder'
- 'Brasilië het op hulle beurt verkies om 'n absolute bydrae te maak'
- 'het die Russe een of ander 'natuurlike meganisme' gekies om hulle uitlatings te verminder' (enige 2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B -V2]*

- Individuele lande moet vrywillige bydraes maak tot die hantering/aanpak van klimaatsveranderingkwessies
- geen land moet geforseer word om maatreëls te implementeer om klimaatsverandering te hanteer/aan te pak nie
- 'n Ooreenkoms moet gesluit word wat elke land sal lei oor wat daar van hulle verwag sal word om te voltooi sodat klimaatsverandering suksesvol aangepak/hanteer sal word
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B -V2]*

- Lande is nie gewillig om gesamentlike verantwoordelikheid vir die bestuur van klimaatsverandering te aanvaar nie/ wil nie finansiële verpligtinge nakom nie
- Alle lande is bereid om eise vir die bestuur van klimaatsverandering te ignoreer om hulle verantwoordelikhede uit te stel
- Geen land is tans gewillig om ekonomiese groei op te offer om klimaatsverandering te beveg nie
- Geen land is bereid om hulle ekonomiese voordele te ignoreer tot voordeel van die bestuur van klimaatsverandering nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C -V1]*

- 'Die nadelige gevolge van klimaatsverandering het tydens ons gesprek duidelik geword en dit is toenemend dringend dat daar globaal opgetree moet word'
- 'Hoe om op klimaatsverandering te reageer'
- 'die wêreldekonomie te laat herleef' (enige 2 x 1) (2)

3.3.2 *[Verduideliking van 'n konsep binne die konteks van Bron 3C -V2]*

- Ooreenkoms/Samewerking deur alle lande oor alle aspekte van klimaatsverandering verband hou
- Internasionale samewerking om klimaatsverandering globaal aan te pak
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C -V1]*

- 'Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatsverandering)
- Paryse Ooreenkoms ('Paris Agreement') (2 x 1) (2)

3.3.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C -V1]*

- 'eerstens moet ons multilaterale (alle partye) konsensus (ooreenkoms) handhaaf'
- 'tweedens moet ons op konkrete aksies (optrede) fokus'
- 'derdens moet ons die groen oorgang bespoedig' (enige 2 x 1) (2)

3.3.5 *[Assesseer betroubaarheid van Bron 3C -V3]*

- Dit gee eerstehandse inligting uit Xi Jinping se toespraak
- Die skrywer van die toespraak (Xi Jinping) was China se president
- Die datum van die bron (1 November 2021) kom ooreen met die tydraamwerk van die VN Klimaatsveranderingkonferensie in Glasgow in Skotland
- Die datum van die toespraak kom ooreen met die tydperk toe Xi Jinping die President van China was
- Dit gee insig op hoe die Chinese regering klimaatsverandering beskou het deur hulle aan hulle verantwoordelikhede toe te wy
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van Bron 3A en 3C om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun -V3]*

- Beide bronne fokus op maniere om globale klimaatsverandering te verminder
- Beide bronne beklemtoon die behoefte dat multilaterale pogings aangewend word om klimaatsverandering aan te pak (op te los)
- Beide bronne noem dat ontwikkelde lande ontwikkelende lande moet help om hulle teikens te bereik
- Bron 3A noem dat klimaatsveranderinge deur ooreenkomste wat deur BRICS lande se regerings beheer word en in Bron 3C noem Xi Jinping dat BRICS lande hulle tot klimaatsverandering ooreenkomste verbind
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D -V2]*

- Omgewingsaktiviste hou plakkate vas om teen globale klimaatsverandering te protesteer
- Die regeringsleiers hanteer nie die bedreiging van klimaatsverandering met die nodige dringendheid nie
- Die toekoms van die mensdom word bedreig deur die gevare wat klimaatsverandering vir die4 planeet inhou
- Alle mense moet saamwerk om die uitdagings van klimaatsverandering aan te pak/op te los
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D -V2]*

- Na die wêreld/kontinent/planeet/aarde wat deur klimaatsverandering beïnvloed word
- Na 'n land of streek
- Na mense se lewens en wat hulle besit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne -V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- BRICS-lande staan voor die uitdaging om kweekhuisgasuitlatings te verminder (Bron 3A)
- Hulle moes die beste tegnologieë skep en implementeer (Bron 3A)
- Daar is waargeneem dat sommige lande meer ervaring en hulpbronne as ander lande gehad het (Bron 3A)
- Hulle het erken dat suksesvolle klimaatsveranderingvermindering globale konsensus oor die gepaste reaksies moet hê (Bron 3A)
- BRICS moes hulle ekonomieë laat herleef (Bron 3C)
- Hulle moes saamwerk om die osoonlaag te beskerm (Bron 3A; 3C)
- Hulle het nie 'n gemeenskaplike standpunt gehad nie en het ook nie saamgewerk nie (Bron 3B)
- Die Russe was in 'n ongemaklike posisie onder hulle want hulle is as 'n Annexure 1-groep geklassifiseer (Bron 3B)
- Die uitdaging was dat die koste om klimaatsverandering in die toekoms te beveg, hoër sou wees as strenger maatreëls nie onmiddellik getref word nie (Bron 3B)
- Hulle was nie bereid om ekonomiese groei op te offer ter wille van die bevordering van globale openbare belang nie (Bron 3B)
- Hulle moes tegnologiese en wetenskaplike innovering aanmoedig om uitdagings m.b.t. klimaatsverandering aan te pak en 'n groen oorgang te bevorder (Bron 3C)
- Die gewone burgers het ongeduldig geword met hulle leiers se vermoëns om dringend op te tree (Bron 3C en 3D)
- Hulle het leiers gehad wat nie onmiddellik stappe kon doen om die uitdagings aan te pak nie (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van uitdagings waarvoor BRICS-lede te staan gekom het om probleme wat deur klimaatsverandering in die 21ste eeu geskep is, aan te pak**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van uitdagings waarvoor BRICS-lede te staan gekom het om probleme wat deur klimaatsverandering in die 21ste eeu geskep is, aan te pak**.<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van uitdagings waarvoor BRICS-lede te staan gekom het om probleme wat deur klimaatsverandering in die 21ste eeu geskep is, aan te pak**.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of te nie met die stelling dat Swart Bewussyn 'n beweging begin het wat die politieke vakuum in die 1960's gevul het en voortgegaan het om die apartheidsregering in die 1970's suksesvol uit te daag. As hulle nie met stelling saamstem nie moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of te nie dat Swart Bewussyn 'n beweging begin het wat die politieke vakuum in die 1960's gevul het en voortgegaan het om die apartheidsregering in die 1970's suksesvol uit te daag. Hulle moet aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Politieke vakuum
  - ➢ Geskep deur die inperking/verbod van die ANC en PAC in 1960
  - ➢ Gevangenskap van politieke leiers in die 1960's
  - ➢ Leiers verban
  - ➢ Onderdrukking van politieke samekomste en aktiwiteite in die 1960's
- Rol van SBB – gelei deur Biko om swart Suid-Afrikaners rondom die filosofie van Swart Bewussyn te organiseer
  - ➢ Skep gevoel van trots by swartes
  - ➢ Om hulleself te aanvaar/selfvertroue te hê/selfonderhoudend te wees/gevoel van identiteit
  - ➢ Bemagtig swart mense om die gees van selfbejammering; minderwaardigheidskompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne magte te verwerp
- SB en politieke organisasies
  - ➢ Swart studente het begin om hulleself te organiseer om wit oorheersing teen te staan deur van NUSAS weg te breek en SASO (SA Studentebeweging) (1968) te stig
  - ➢ Swart studente het die filosofie van Swart Bewussyn aangeneem (Rol van/SASO)
  - ➢ SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skole
  - ➢ SBB en SASO organiseer VIVA FRELIMO-saamtrekke (1974)
  - ➢ Die arrestasie van SB-leiers het politieke aktivisme verhoog
  - ➢ SB het tot die stigting van die Swartmense se Konvensie (Black People's Convention (BPC)) in 1972 gelei wat studente, kerke, gemeenskappe en vakunies betrek het
- SB en arbeid
  - ➢ Unies het met SB-filosofie vereenselwig en Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit
  - ➢ Werkers georganiseer om vakunies te stig

- SB lei tot stigting van Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in 1973 in Durban 1973)
- SB en gemeenskapsprojekte
  - Biko se verbanning na King Williams Town het die fokus van gemeenskapsprogramme afgelei
  - SB het onafhanklikheid van wit mense bevorder deur Swart Gemeenskapsprogramme om swart mense te ondersteun sonder wit hulp (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solempilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Programme en Winter School Projects)
- SB en die Soweto-opstand
  - Swart Onderwys het in 1975 Afrikaans as onderrigmedium by skole ingestel
  - Die departementele omsendskrywe oor Afrikaans (50/50) was die sneller van die Soweto-opstand
  - SASO en SASB het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSVR) ('Soweto Students Representative Council (SSRC);) beïnvloed
  - Beide swart onderwysers en studente het Afrikaans verwerp as die taal van die onderdrukker
  - SA Studentebeweging (SASM) in 1972 gestig wat swartes aan ideale van SB blootgestel het
  - Sommige onderwysers en leerders was reeds blootgestel aan die idees van Biko en die SB-filosofie deur middel van SASO-studente-onderwysers van universiteite af
  - Die departementele omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstande
  - Op 16 Junie 1976 het studente vreedsaam teen die implementering van die omsendbrief betoog
  - Polisiereaksie op die studenteoptogte (Hector Petersen, 'n 13-jarige seun, was een van die eerste ongevalle van hierdie opstand)
- SB en media
  - Rol van die media wat simpatiek teenoor die SB-filosofie was, bv. *The World*-koerant
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom.

**[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek waarom die onderhandelingsproses tot 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 nie 'n maklike proses was nie. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hulle argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet krities bespreek waarom die onderhandelingsproses tot 'n demokratiese Suid-Afrika tussen 1990 en 1994 nie 'n maklike proses was nie. Hulle moet aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- FW de Klerk het in 1989 vir PW Botha vervang en hervormings ingestel
- Vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 en ander verbanne politieke leiers in 1990 (kompromieë deur De Klerk)
- Ontbanning van/Opheffing van die verbod op ANC, die PAC en die SACP en ander verbanne organisasies
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 – NP laat politieke gevangenes vry en beide partye verbind hulle tot die beëindiging van geweld en onderhandelinge
- Pretoria-minuut in August 1990 – ANC staak gewapende stryd en NP staak noodtoestand (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- Die Nasionale Vredesooreenkoms is deur 27 politieke organisasies onderteken – het 'n veiligheidsnet geskep vir onderhandelinge (kompromieë deur verskillende rolspelers)
- KODESA 1 (20 Desember 1991) – 19 politieke partye behalwe KP en PAC
- Partye kon nie ooreenkom oor magsdeling en grondwetgewende vergadering nie – vergadering is beëindig
- Die Verklaring van Voorneme – partye het ooreengekom om 'n nuwe Konstitusie saam te stel en ook 'n tussentydse regering daar te stel
- Referendum slegs vir wit mense – De Klerk het wit mening getoets nadat drie tussenverkiesings aan die KP verloor is
- Referendum-uitslae – oorweldigend JA – onderhandelinge het voortgegaan – die NEE-persentasie het gebrek aan vertroue van De Klerk se leierskap aangedui
- KODESA 2 (2 Mei 1992) – het nie lank voortgegaan nie as gevolg van geweld en onvermoë van partye om oor magsdeling ooreen te kom
- Boipatong-slagting en invloed van Derde Mag (17 Junie 1992) (geweld)
- Bisho-slagting (September 1992) (geweld) – ANC-ondersteuners wat deel van die onderhandelingsproses wou wees
- ANC het beroep gedoen vir uitgebreide massastakings teen die Nasionale Party
- Rekord van Verstandhouding (September 1992) – Meyer en Ramaphosa het hulleself aan vrede en aan die onderhandelinge gewy
- Weerstand vanaf Concerned South Africans Group COSAG-Okt 1992
- Meyer en Ramaphosa het tot Joe Slovo se oorgangsklousule ingestem-Februarie 1993

- Partye wat meer as 5% van die stemme verwerf, sal 'n regering van nasionale eenheid stig om die nuwe SA te regeer en wit mense sal hulle werk vir 5 jaar behou
- Veelpartyonderhandelinge het by die Wêreldhandelsentrum hervat maar dit het nie lank voortgeduur nie
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) – Janus Walus
- Mandela spreek die nasie toe op TV – kalmeer die nasie
- Die AWB het die onderhandelinge op 15 Junie 1993 onderbreek toe hulle die Wêreldhandelsentrum met 'n pantservoertuig bestorm het
- St James kerk slagting- 25 Julie 1993
- Heidelberg Tavern slagting-30 Desember 1993
- Datum vir eerste demokratiese verkiesing vasgestel (27–29 April 1994)
- Voortgaande geweld regdeur verkiesing – motorbom buite ANC-hoofkantoor
- Motorbom ontplof by Jan Smuts-lughawe
- Verkiesing gehou as gevolg van toegewyde leierskap
- Mandela word die eerste swart staatspresident van die nuwe demokratiese Republiek van Suid Afrika met Thabo Mbeki en FW de Klerk as sy adjunkte
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings invloedryk was om in 1989 die politiek in Suid-Afrika te beïnvloed en in 1991 tot die disintegrasie van die Sowjetunie te lei. Kandidate moet relevante historiese bewyse gebruik om hulle argument te ondersteun.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate Gorbachev se hervormings invloedryk was om in 1989 die politiek in Suid-Afrika te beïnvloed en in 1991 tot die disintegrasie van die Sowjetunie te lei. Hulle moet aandui hoe hulle hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
Agtergrond:
- Gorbachev het in 1985 op 54-jarige ouderdom die Sekretaris-Generaal van die CPSU en leier van die regering geword. Hy was nie onversetlik nie en het gehoop om die Sowjetunie se ekonomie op te kikker deur beide nywerheidsproduksie en -tegnologie te verbeter, en ook om hulle markte uit te berei.
- Hy het 'n groot risiko geneem om politieke verandering teweeg te bring, veral vir die Sowjetunie, wat vir hulle onversetlike kommunistiese standpunt bekend was.
- Hy wou die Sowjetunie se swak ekonomiese stelsel verbeter – as gevolg van die ruimte- en wapenwedloop met die VSA.
- In 1985 het hy perestroika (ekonomiese heropbou) en glasnost (openlikheid) bekend gestel

Invloedryk in Suid-Afrikaanse politiek:
- FW de Klerk het in 1989 PW Botha vervang
- Gorbachev se hervormings lei tot die van die Berlynse Muur (1989)
- Die val van die Berlynse Muur het die val van kommunisme aangedui
- Die val van kommunisme beteken die ANC sou nie meer deur die Sowjetunie bygestaan word nie
- Konstruktiewe onderhandelinge tussen FW de Klerk en Reagan( VSA President) met Margaret Thatcher ( Britse Eerste Minister) deur Chester Crocker gefasiliteer
- Die gebrek aan kommunistiese ondersteuning het die ANC geforseer om met die Nasionale Party (NP) te onderhandel/ apartheid kon nie meer handhaaf word nie
- Die val van kommunisme het die NP beïnvloed om nie meer die ANC te vrees nie
- Die Westerse magte het opgehou om die NP te ondersteun omdat kommunistiese aanslag (Rooi Gevaar) verdwyn het
- Die verslan van die Suid-Afrikaanse regering gedurende die slag van Cuito Cuanavale het die NP beïnvloed om met die ANC te onderhandel
- Ontrekking van die SAW uit Angola lei tot die onafhanklikheid van Namibië
- Enige ander relevante antwoord

Beïnvloed die disintegrasie van die Sowjetunie:

- Perestroika het kleinskaalse private eienaarskap toegelaat en verwyder regeringsbeheer oor produksie
- Glasnost lei tot kritiek van die beleid van perestroika en Gorbachev self
- Perestroika en glasnost lei tot eise vir die beëindiging van kommunisme en volle demokrasie
- Baie onversetlike kommuniste was ontevrede met beleide wat ongewild geword het

- Tuis het hy twee tipes opponente: onversetlikes wat teen hervormings was en liberale wat hom gekritiseer het en gesê het dat hy nie vinnig genoeg beweeg nie
- Die twee beleide het mekaar nie as denkrigtings ondersteun nie, maar het die hele stelsel van die Sowjetunie beëindig
- Hy het tuis ondersteuning verloor – eenheid van die Sowjetunie was in gevaar en sosialisme is bedreig
- Hy het heldestatus in die Weste gehad. Sy persoonlike mag en prestige het gestyg. Hy het in 1990 'n Nobelprys vir Vrede ontvang.
- Baie onderliggende verskille het tussen die 15 republieke bestaan.
- Ou vorm van nasionalisme het te voorskyn gekom en gelei tot nuwe eise vir onafhanklikheid
- Hy het probeer om die disintegrasie te keer deur die stigting van 'n Federasie van State voor te stel – wat misluk het
- In 1990 het verskeie Sowjetstate, onder meer Rusland met Gorbachev se bitter teenstander, Boris Yeltsin, hulle onafhanklikheid verklaar
- Op 25 Des. 1991 is USSR ontbind en so ook die Kommunisteparty
- Elk van die 15 republieke het onafhanklik geword en lede van die 'Commonwealth of Independent States' (Statebond van Onafhanklike State) geword
- Die disintegrasie het die einde van die Koue Oorlog gesimboliseer
- Enige ander relevante antwoord

- Gevolgtrekking: Kandidate moet hulle argument met 'n relevante gevolgtrekking opsom. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou